

# **Wat kan ek nog vir my wingerd doen?**

## **Jesaja 5:1-7 (Matteus 21:33-39 en Romeine 5:8)**



Max Harlynking: <https://unsplash.com/photos/jzmZeQyEgiU>

### I

Van antieke tye af is wingerde en wyn deel van Israel se landskap en kultuur. Ons weet dat Noag reeds 'n wingerd geplant het (Genesis 9:20-29). In Numeri 13:23 lees ons hoe die 12 verkenners uit die Beloofde Land terugkeer met 'n druifwetrok wat so groot was dat twee mense dit moes dra. Die land wat God aan sy volk beloof het, was 'n land van wingerde en wyn, 'n land van oorvloedige seëninge. Op 'n wingerd was mense jaloers – dink maar aan Nabot se wingerd in 1 Konings 21; oor 'n wingerd is liefdesliedere gesing – dink maar aan die erotiese liedere soos in Hooglied 7:11-12; oor 'n wingerd moes gewaak word, veral teen die klein jakkalsies wat dit kan verniel (Hooglied 2:15). Meermale is die Here se volk, en later die kerk, sy wingerd genoem, sy eiendom, 'n wingerd waarvoor Hy lief is. Die wingerd en wynstok, en wyn as teken van die bloed van versoening, is kern-metafore dwarsdeur die Bybel.

### II

In Jesaja 5 word een so 'n mooi lied oor 'n wingerd gesing, 'n liefdeslied.

In die eerste deel daarvan hef die profeet eers 'n lied aan oor sy liefde vir die Here, die wingerdboer. Twee keer verwys hy na die Here as “Hom wat ek liefhet”, “Hy wat ek liefhet”.

En dan sing sy lied verder oor dié Here se omgee vir sy wingerd. Die wingerd is die Here s'n, sy eiendom. Dit is goed geleë, op 'n vrugbare heuwel. Die Here het dié

wingerd met soveel liefde aangelê. Hy het die grond goed voorberei, dit omgespit en die klippe uit die grond verwyder. Hy het veredelde wingerdstokke geplant, die beste, en dit gesnoei en geskoffel. Hy het 'n wagtoring en 'n muur rondom die wingerd gebou om dit op te pas. Daar naby het hy 'n parskuip uit klip gekap – alles met die verwagting dat die wingerd 'n goeie oes sou voortbring, 'n uitstekende oesjaar. Hierdie wingerdeienaar het regtig alles gedoen wat hy kon om dit 'n mooi en vrugbare wingerd te maak. Hy het dit met groot liefde gedoen. Hy wou Hom so graag verlustig in sy wingerd...

En toe die teleurstelling! Die wingerd dra suur druiwe! Druiwe waarmee Hy niks kon doen nie. Mens kan jou die moedeloosheid van die wingerdboer voorstel. Wat meer kon Hy doen? “Wat kan ek nog vir my wingerd doen wat ek nie reeds gedoen het nie” roep die Here dit uit!

So teleurgesteld was Hy, dat Hy summier besluit het: dan breek ek maar liever alles weer af, die muur en die wagtoring, alles, en ek gaan ophou om die wingerd te versorg, dit moet maar tot niet gaan! So ver gaan die Here in sy ontgogeling met hierdie wingerd waarvan hy sulke mooi verwagtinge gehad het, dat Hy selfs belowe om die wolke te verbied om daarop die reën – 'n finale daad van vernietiging.

### III

Dan pas die profeet hierdie tragiese verhaal toe op die volk Israel. Julle is die wingerd, die eiendom van die Almagtige. Dis vir julle wat die Here alles gedoen het, julle met soveel liefde versorg het. Hy het verwagtinge gehad dat julle 'n mooi wingerd sou wees, 'n voorbeeld vir die ander volke, 'n getuienis van God se liefde en geregtigheid. Maar in plaas van goeie druiwe, dra julle toe suur druiwe; in plaas van vrugte van geregtigheid, dra julle toe vrugte van onreg, verdruk julle mekaar en ander mense, is julle liefdeloos, luister julle nie na die Here se Woord nie. Julle is toe alles behalwe 'n voorbeeld vir die ander volke. Daarom die oordeel oor Israel, die straf, die ballingskap uit die Beloofde Land.

En hier eindig die lied. By God se oordeel, God wat moed opgegee het met sy wingerd, God wat doelbewus sy geliefde wingerd uitruk en oorgee aan die vernietiging. 'n Skerp profesie, sonder hoop. God wat sy arms in die lug gooi en opgee met sy kinders wat soveel suur druiwe dra. God wat vir sy kinders presies gee wat hulle verdien, oordeel en straf. In Matteus 21:33-45 sluit Jesus self ook weer aan by dié beeld van die wingerd in Jesaja 5 aan as hy met die skynheilige fariseërs 'n twisgesprek voer. En ook hier dui die gelykenis van die wingerd op oordeel, vernietiging, die uitkap van die wingerd, die weggee daarvan.

### IV

Maar is dit die enigste betekenis van die wingerd-beeld: 'n verhaal van straf en vernietiging? Is dit regtig waar hierdie verhaal van Jesaja 5 eindig, en selfs Jesus se verhaal in Matteus 21, net maar by God se geduld wat opgeraak het met sy kinders se suur druiwe? Is dit al wat ons in hierdie verhaal moet hoor? God wat nie meer lankmoedig en vol liefde is nie, 'n ongeduldige, liefdelose God wat toornig is en straf uitdeel?

Nee, hier eindig die verhaal nie regtig nie, want dis een verhaal binne 'n groter verhaal. Selfs die profeet Jesaja sou ook weer God se genade en goedheid verkondig, 'n liefde ten spyte van ons ongeregtigheid; die hervestiging van sy geliefde wingerd in die

beloofde land; wingerde wat goeie vrugte dra en mense wat hierdie vrugte geniet (Jesaja 65:21 e.v.).

Want in plaas van oordeel en vernietiging, het God in sy groot liefde 'n ander plan gemaak. Hy kon dit uiteindelik nie oor sy hart kry om die wingerd waarvoor Hy so lief is, te vernietig en aan sy eie lot oor te laat nie. Daarom sou God sy eie Seun stuur – dit was die plan – om juis hierdie wingerd te kom herstel en dit nuut te maak, om sy lewe te gee sodat die wingerd weer kon vrug dra. Jesus Christus sou weer die wingerd kom snoei en die lote terug ent op die wingerdstok, op homself as die wynstok. Sodat die lote weer vrug kan dra, vrugte wat veel vreugde bring (Johannes 15).

Miskien sê Romeine 5 dit die heel mooiste. God se straf en oordeel, sy ongeduld en vernietiging van sy wingerd is nie die laaste woord oor God nie. Nee, sy liefde en genade het die laaste sê: “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.” (Romeine 5:8)

Presies dit is die boodskap van Lydenstyd. Nie God se oordeel, sy moed-opgee met ons nie, maar sy liefde en genade is die laaste woord. In plaas daarvan om ons te straf, het God sy eie seun die straf in ons plek laat dra. Dink net!

Op God se eie vraag in Jesaja 5:4: “Wat kan ek nog vir my wingerd doen wat ek nie reeds gedoen het nie?” antwoord God dan self: “ek sal my Seun stuur!” (Matteus 21:37). Hy sal die wingerd kom herstel, versorg en bewaar. Sodat Ek my weer in my wingerd kan verlustig!

## V

Wie dít glo, wie iets van hierdie groot liefde begryp, God se lankmoedigheid en barmhartigheid, kan nie anders as om so deel van God se wingerd te wees dat God hom oor ons vrugte sal kan verlustig nie. Dan pas suur druiwe nie meer by ons nie!